
Wes-Kaapse Regering

VIR JOU

Menslike Nedersettings

HOME WISE



# BEHUISINGSUBSIDIES

## VERDIEN U TUSSEN

## R0 – R3 500p/m?

# IS U WYS MET DIE AANKOOP VAN U HUIS? IS U INGELIG OOR U REGERINGBEHUISINGOPSIES?

## Indien u R0 - R3 500 per maand verdien, kan u kwalifiseer vir:




**Besoek u naaste Munisipaliteit of Munisipale Behuisingskantoor om aansoek te doen.**

Wees **WYS MET DIE AANKOOP VAN U HUIS** en kom ons bele in 'n toekoms wat beter tesame is.

## VERDIEN U TUSSEN R0 EN R3 500 PER MAAND?

Indien u huishoudelike inkomste tussen R0 en R3 500 per maand is, kan u vir die volgende staatsbehuisingsubsidies- en programme kwalifiseer. U moet by u naaste munisipaliteit op die behuisingsaanvraag-databasis geregistreer wees om toegang te bekom tot een van hierdie subsidies.

### INDIVIDUELE SUBSIDIE

Jy kan hierdie subsidie gebruik om ‘n bestaande huis te koop OF ‘n huis op ‘n plot-en-plan bou basis OF voltooi ‘n onvoltooide huis. Aansoeke word slegs eenmaal per jaar in April geopen en sluit sodra die subsidie toekenningslimiet bereik is. Die subsidiebedrag is tot R202 888. Aansoeke en navrae kan direk by die Wes-Kaapse Departement van Menslike Nedersettings gedoen word.

### OPGRADERING VAN INFORMELE NEDERSETTINGS (UISP)

Hierdie program verleen aan u toegang tot ’n gedienste erf in ’n informele nedersetting. ’n Gedienste erf sluit ’n stuk grond met toegang tot water, sanitasie en elektrisiteitsdienste in. Dit staan u later vry om aansoek te doen om bystand om ’n huis op u erf te bou deur een van die staat se ander behuisingsubsidies, bv. die Individuele Subsidie, die Uitgebreide Menslike Behuisingsproses (UMBP) of die Geïntegreerde Residensiële Ontwikkelingsprogram (IRDP). Navrae en aansoek kan by u naaste munisipaliteit gedoen word

### KONSOLIDERINGSUBSIDIE

U kan vir hierdie subsidie aansoek doen indien u reeds voor 1994 ’n gedienste perseel besit en ontvang het. Die bedrag is R109 947 en u kan dit gebruik om u huis te bou of ’n huis wat nie met behulp van ’n subsidie bekom is nie te opgradeer of te voltooi. Konsolideringsubsidies word op ’n projekbasis verskaf en nie aan ’n individu nie. Tree asseblief in verbinding met u naaste munisipaliteit om navrae en aansoek te doen.

### UITGEBREIDE MENSLIKE BEHUISINGSPROSES (EPHP)

Hierdie subsidie is slegs op ’n projekbasis beskikbaar aan gemeenskappe wat bereid is om aktief betrokke te wees by die bou van hul huise. Met hierdie subsidie kan u aktief betrokke wees by die bou van u eie huis deur middel van ’n georganiseerde groep. Aansoeke en navrae kan direk by u naaste munisipaliteit gedoen word.

### GEÏNTEGREERDE RESIDENSIËLE ONTWIKKELINGSPROGRAM (IRDP)

Met hierdie subsidie verkry u die geleentheid om grond te bekom, ’n perseel te diens en ’n huis te bou. Dit word aan Plaaslike Munisipaliteite verskaf. Aansoeke en navrae kan direk by u naaste munisipaliteit gedoen word.

## VERBETERDE UITGEBREIDE KORTINGSVOORDEELSKEMA (EEDBS)

Hierdie program sal u help om 'n huiseienaar te wees van huurbehuising wat in 1994 deur die regering besit is (munisipale en provinsiale behuising). Indien u sedert 1994 'n staatseiendom gehuur het, kan u vir hierdie program kwalifiseer. Sommige munisipaliteite het reeds baie van hul behuisingseenhede oorgedra na huurders wat die kortingsvoordeelskema benut het. Aansoeke en navrae kan direk by u naaste munisipaliteit gedoen word.

## MAATSKAPLIKE BEHUISING

Met hierdie subsidie kan u toegang verkry tot 'n huurhuis of woonstel. Staatsbehuising word aan Maatskaplike Behuisingsinstellings verskaf om die huureenhede te bestuur. U betaal dan 'n verminderde huurbedrag, gebaseer op u huishoudelike inkomste, aan die Maatskaplike Behuising Instelling. Navrae en aansoek kan direk by u naaste munisipaliteit gedoen word.

## INSTITUSIONELE BEHUISINGSUBSIDIE

Met hierdie subsidie kan u toegang verkry tot 'n huureenheid of huur-om-te-koop geleentheid. Staatsbefondsing word aan Behuisingsinstellings verskaf om die huureenhede te bou en te bestuur. U betaal dan 'n verminderde huurbedrag, gebaseer op u huishoudelike inkomste, aan die Behuisingsinstelling. Navrae en aansoek kan direk by u naaste munisipaliteit gedoen word.

Tree asseblief met die Departement van Menslike Nedersettings in verbinding om nadere besonderhede te bekom.

Besoek Waalstraat 27, Kaapstad
Skakel die navrae-toonbank by 021 483 6488/0611/8984/0623/2060
(Maandag tot Vrydag van 7:30 tot 15:00)

Epos: human.settlements@westerncape.gov.za; of
besoek die departement se webwerf by:
**www.westerncape.gov.za/dept/human-settlements**

Wes-Kaapse Regering
VIR JOU
Menslike Nedersettings